RAPPORT, Loopbane
Sunday, 14 June 2009, p. 2

Globale krisis slyp sakeskole

'Internasionale samewerking is sleutel'

CARIN SMITH
Kaapstad

Die Leeu van Afrika kan met die regte bestuursopleiding by sakeskole op die vasteland 'n teenvoeter vir die Tiere van Asië word.

Hiervoor is die regte vennootskappe tussen plaaslike en internasionale sakeskole egter nodig.

Dit was die slotsom van 'n paneelbespreking oor sakeskole se reaksie op die internasionale ekonomiese krisis. Die bespreking het plaasgevind tydens die jaarlikse konferensie van die Global Business School Network wat op 8 en 9 Junie by die Universiteit van Kaapstad se nagraadse bestuurskool (UCT GSB) gehou is.

Prof. Mthuli Ncube, president van die South African Business Schools Association (Sabsa) het benadruk dat die bekostigbaarheid van MBA-opleiding een van die groot uitdagings geword het in die heersende ekonomiese klimaat. Dit is daarom vir hom baie belangrik om finansiering van owerheidskant te kry.

Dr. Mills Soko, 'n senior lektor aan die UCT GSB, het gesê die internasionale krisis het opnuut die kollig laat val op die rol wat sakeskole in 'n land kan speel.

"Die groot vraag wat sakeskole aan hul studente moet stel, is of dit belangrik is om vir die huidige aandeelhouers van 'n maatskappy waarde te skep, en of dit nie nou belangriker geword het om waarde te skep vir die aandeelhouers van die toekoms nie," het prof. John Mullins van die London Business School gesê.

"Dan is daar nog die vraag oor die skep van waarde vir die gemeenskappe waarin sakeskole hulself bevind en vir die arbeidsmag. Laastens moet gevra word of dit nog geldig is om 'n skeiding tussen die bestuur en die eienaarskap van genoteerde maatskappye te handhaaf."

Prof. James Dean van die University of North Carolina se Kenan-Flagler Business School het gesê die huidige krisis is veroorsaak deur die reusagtige hoeveelheid kapitaal wat veral uit Asië beskikbaar was op die wêreldmarkte. Dit het die reuse-aanvraag in die VSA gevoed en " 'n perfekte storm" geskep.

Nog bydraende faktore was dat talle ondernemings gefaal het op die gebied van korporatiewe bestuur en 'n gebrek aan vertroue onder banke.

Dean meen ook dat die gebrek aan finansiële geletterdheid onder verbruikers – selfs dié met sake-opleiding – 'n groot rol gespeel het.

Ncube het hierby aangesluit deur te sê etiek en korporatiewe bestuur asook volhoubare omgewingsbenaderings behoort die grondslag van MBA-opleiding te word.

"Sakeskole moet studente ook baie meer leer oor risikobestuur, entrepreneurskap en die oplei en bestuur van personeel," het hy gesê.

"Voor die finansiële krisis het baie sakeskole net mooipraatjies gemaak oor etiek en maatskappye se maatskaplike bydraes. Nou beskou hulle dit as 'n baie belangrike deel van hul leerplanne," het hy gesê.

Volgens Dean spruit 'n les uit die huidige krisis – dat dit baie belangrik is om ook die finansiële geletterdheid van die algemene publiek op te skerp.

Dit is vir hom belangrik dat die waardes van uitnemendheid, leierskap, integriteit en 'n gemeenskapsin by studente aan sakeskole ingeprent word. Dit moet net so 'n belangrike aspek wees as die skep van sakesin.

Ncube het daarop gewys dat baie sakeskole al klaar baie doen op maatskaplike gebied. Aangesien hulle dié aktiwiteite nie as deel van hul kernbedrywighede beskou nie, oes hulle nie die eer hiervoor in die openbare oog nie.

Dean het bygevoeg dat hy ondervind studente by sy sakeskool is deesdae baie meer besorg oor armoede as wat hulle jare gelede was. "Hierdie is nie sommer net nog 'n finansiële krisis nie. Dit is die einde van die finansiële bankbedryf soos ons dit geken het. Dit beteken dat die werkomstandighede vir MBA-studente verander het – iets wat ons nog nie besef nie," het hy gesê.